

# Kleingroepe

24 – 30 November 2013



## OMGEE-TYD

*Iemand lees hardop: Die Here is hier! Hy is ons Vader wat ons met sy hele hart liefhet en ons is Sy kinders. Saam vorm ons 'n geestelike familie, wat die hele week liefde teenoor mekaar uiteleef. Hier by ons samekoms word ons eenheid met Jesus Christus en met mekaar sigbaar. Ons doel is om Hom te loof en te eer; om mekaar onselfsugtig te dien; en om in gehoorsaamheid aan Hom sy beeld verder uit te dra, sodat ander Hom ook as Vader kan leer ken. AMEN*

1. Gesels oor jul afgelope week asook vakansie planne.

## LEER-TYD

Vat nou julle Bybels en maak oop by die boek Maleagi.

Blaai saam deur die boek en laat iemand die hoofskrifte

hardop lees. Lees nou die ander uitdeeltstuk getiteld “Hoekom moet ons die boek lees?” voor aan die groep. Lees hierna MALEAGI 2:16, 3:5+10 & 4:2

1. Gesels oor die stelling: “God haat egskeiding.”

2. Christene verskil oor die interpretasie van hoofstuk 3 vers 10 oor die gee van TIENDES. Sommige glo dit is die minimum wat ons behoort te gee vir die saak van die HERE in terme van ons geld, talente en tyd. Ander beskou dit as 'n riglyn om na te streef. Wat dink jy as Nuwe Testament gelowige?

3. Gesels oor die stelling: “Ons liefde vir die HERE manifesteer in hoe ons weduwees, weeskinders, ons huweliksmaats en ons geld hanteer.

4. Gesels oor die wonderlike belofte van hoofstuk 4:2.

## AANBID-TYD

Gee 'n tyd van stilte vir stil gebed en toewyding aan die Here.

Sing nou as groep die “ONSE VADER” gebed (of laat iemand dit voorlees):  
*Ons Vader wat woon in die hemel, geheilig sy U Naam. Laat U ryk kom, U wil geskied soos in die hemel so ook op die aarde. Gee ons vandag ons dag se brood, en vergeef ons al ons skulde net soos ons vergewe: dié wat teen ons sondig. Laat kom ons nie in die versoeking, maar verlos ons van die bose. Van U is die ryk en die sterkte en die ere – vir ewig en ewig AMEN.*

## DIEN-TYD

Hoe kan ons hierdie week so leef in verhouding met ander mense dat hulle ons en die HERE se sagte hart van liefde sien en beleef?

Sondag se preekslides: [www.blancogemeente.co.za](http://www.blancogemeente.co.za)